

2 Julie 2009

Jaargang 2 – Uitgawe 21

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by produksie@nhk.co.za



Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhk.co.za

Die Hervormer www.hervormer.co.za

e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op www.hervormer.co.za/cancel.html



Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle: "Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"
Uit Johannes 13: 12

VOORBLAD

Die volheid van die evangelie moet in ons lewens sigbaar word...

Die Kerkjaar bied 'n logiese verloop waarbinne die geloofswaarhede oor 'n jaar in sy volheid ter sprake kom. Dit bied die struktuur waarbinne die gemeente telkens ook in hul konkrete situasie aangespreek word.

Die Kerkjaar gee uitdrukking aan ons belydenis

Sommige mense is bekommerd dat die nuwe Diensboek nie vaste erediensordes bied nie, en daarom struktuurloosheid en onordelike in die hand kan werk. Die Kerkjaar bied egter die onderliggende vaste struktuur wat die aard en inhoud van elke Sondag se erediens bepaal. Binne hierdie struktuur word die handeling in elke erediens in die Kerkjaar telkens nuut maar *ordelik* gestruktureer om die boodskap telkens vir die spesifieke Sondag die beste te verkondig.

'Geblikte dienste'

Hoe dikwels ervaar 'n mens 'geblikte' dienste wat maar vir enige tyd in die jaar kan geld. Dieselfde vota, seëngroet, wet, oorgangsinne en klein repertorium van liedere. Selfs die preke klink amper dieselfde – net die Skriflesings verskil!

Dit verg inderdaad moeite van die predikant om elke erediens fyn te beplan sodat alles nie in 'n grys massa vervaag, die geloof gefragmenteer word, of dat lidmate uitmekaargeskeur voel nie.

Kan lidmate uitmekaargeskeur voel deur 'n erediens?

Ja, ongelukkig kan hulle! 'n Mens voel verskeurd as jy midde-in die Lydenstyd kort-kort Opstandingsliedere sing. Dit terwyl ons nog besig is om die lydenspad saam met Hom te loop. Selfs al weet ons dat ons *altyd* die opgestane Heer verkondig, stel ons uit om in die tyd waarin ons sy lyding herdenk (soos in Advent en met Kersfees) liedere oor die Opstanding te sing. Daarvoor is daar meer as genoeg tyd vanaf Paassondag en daarná – vir ongeveer nege maande in die jaar. Kan ons nie maar ses Sondae in die Lydenstyd saam met Hom waak nie?

As iemand sou argumenteer ons sing Opstandingsliedere in die Lydenstyd omdat ons tog altyd die opgestane Heer verkondig, oortuig dit nié wanneer dieselfde predikant juis in al die weke van die Opstanding net één Opstandingslied laat sing nie. Ook nie wanneer iemand 'n ry liedere oor die Drie-eenheid al op 'n Sondag vóór Pinkster laat sing nie. So is 'n mens verskeurd oor die Kersliedere en Kerssangdienste in die Eskatologietyd, oor die tema van die intog in Jerusalem op Epifaniesondag, en 'n Babelse verwarring in die Koninkryktyd.

Dit help nie vir 'n gemeente om op die gemeentekalender en met kleure en visuele uitbeeldings oënskynlik by die struktuur van die Kerkjaar te hou, terwyl 'n predikant of predikante so slordig met die Kerkjaar omgaan nie. Sommige lidmate en kerkraadslede kom dit miskien nie eens agter nie, maar diegene wat erns maak met die ritme en volheid van hul geloofslawe, ervaar met fyn aanvoeling.

Dr Elsabé Kloppers

(Hierdie is 'n verkorte weergawe van 'n artikel wat in die Augustus 2009-uitgawe van *Konteks* verskyn.)



BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za te plaas.

Beroep ontvang

- **Ds Hannes van der Merwe** van Rustenburg-Suid na Pretoria-Oos

Beroep aanvaar

- **Prop Guillaume Rocher** na Nigel

Beroep bedank

- **Ds Frikkie Labuschagne** van Parys na Rustenburg-Kloof

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds At Mc Donald** betuig sy waardering teenoor alle predikante en lidmate vir hulle telefoonoproepe, briewe en gebede tydens sy siekte. Dit gaan onder die omstandighede goed met hom. Hy word nie te siek weens die chemobehandeling nie en bly steeds positief.
- **Ds Kotie (JJ) Mc Donald** het haar 25-jaar ampsjubileum op 28 Junie in Gemeente Noordrand gevier. Die geleentheid is deur die voorsitter van die ring van Krugersdorp, ds Hein Delpont, asook die vorige predikant van die gemeente, ds Hennie Retief, bygewoon. Die huidige pastorale hulppredikant, ds Leon Nell, was ook teenwoordig. Ds At Mc Donald (ds Kotie se skoonvader) was ongelukkig te siek om die verrigtinge by te woon. Ds Kotie is reeds agt jaar lank beroepafwagend en preek feitlik elke Sondag in 'n ander gemeente – van Hartswater tot Dullstroom en van Lichtenburg tot Harrismith. Sy was voorheen predikant in Gemeente Roodepoort voordat die standplaas weens getallevermindering opgehef is.
- **Ds Naas Lombard** se moeder, Hannelie Lombard, is verlede week na 'n hartaanval oorlede. Sy was 74 jaar oud. Meelewing word met ds Naas en sy familie betuig.
- Die besonderhede van **ds Hannes (JA) Jansen van Rensburg** van Gemeente Brakpan-Harmonie het verander. Sy selfoonnommer is nou 082 711 7375 en sy e-posadres is hanjvr@vodamail.co.za. Bring asseblief die veranderinge aan op bladsy 119 van die *Almanak*.
- **Die volgende predikante verjaar van 2 tot 10 Julie**, en word hartlik geluk gewens:
 - Donderdag 2 Julie: Di Wynand de Beer en Martin Jansen van Rensburg
 - Saterdag 4 Julie: Ds Flip Snyders
 - Sondag 5 Julie: Prop Carusta van der Merwe
 - Woensdag 8 Julie: Ds Geo Smit
 - Vrydag 10 Julie: Dr Daan van Wyk (jr)
- **Gemeente Bellville** het 'n behoefte bespeur van lidmate plaaslik, in die res van Suid-Afrika en veral in die buiteland om voortdurend op die hoogte te wees van die doen en late van Hervormde gemeentes. Multimediakommunikasie is




Ds Hannes van der Merwe Prop Guillaume Rocher



Ds Frikkie Labuschagne



Die gesin Mc Donald



Ds Naas Lombard Ds Hannes Jansen van Rensburg



geïdentifiseer as 'n goeie hulpmiddel om hierdie behoefte te bevredig. Die primêre doel is om die gemeente se eie lidmate te bereik met verskeie onderwerpe en aankondigings wat op gemeente-aktiwiteite betrekking het, asook om die lief en leed van lidmate met mekaar te deel. Dit het ook 'n sekondêre doel, naamlik om Hervormers en ander belangstellendes wêreldwyd te vertel wat in Bellville gebeur – ook om besoekers aan die Moederstad na eredienste en ander aktiwiteite in Bellville te nooi met duidelike rigtingaanwysings om die kerkgebou te vind. Besoek die gemeente se splinternuwe webblad by www.nhkbellville.co.za en gesels aanlyn via die webwerf onder die skakel *Kontak ons*.

- **Gemeente Vaalpark** het 'n **vakature vir 'n orrelis**. Aansoeke moet **voor 26 Julie** gerig word aan die administratiewe beamppte, Dorea du Bruyn, by Posbus 61184, Vaalpark 1948. of per e-pos na vaalpark@nhk.co.za. Skakel die gemeentekantoor by 016 971 1999 of 083 225 7391 of stuur 'n faks na 086 636 1037.
- **Gemeente Mosselbaai** het begin met die bou van sy kerk in Stilbaai, en is op soek na 'n goeie orrel, kerkbanke, preekstoel en ander meubels wat in 'n kerkgebou tuishoort. Skakel asseblief met dr Fanie Pretorius by die Sinodale Kerkkantoor (012 322 8885 x256) of dr Gert Malan van Gemeente Mosselbaai (044 693 1085 of 083 340 2905).
- Die **MRCC** in Jouberton, Klerksdorp benodig 'n **kerkklok** vir hulle kerkgebou. Kontak ds André Ungerer by 082 940 8201 as u kan help.
- **Gemeente Pretoria-Wes** benodig 'n worsstopper vir hulle vleisprojek. Kontak ds Gerhard Kruger by 082 921 3723 of gfruger@sagateway.com, of die skriba, Lettie Walker, by 012 327 2323 of nhkpretoriawes@nhk.co.za.
- Die diakens van **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** samel donasies en komberse in vir behoeftiges. Skakel Annatjie Sandrock by 072 356 7189 of 015 295 5464 vir meer besonderhede.

Kersfeesvreugde in die koue winter

Hierdie is 'n ope uitnodiging aan alle NHSV lede, diakens en kategete om die vreugde van Kersfees in die middel van die winter uit te dra na kinders wat in moeilike omstandighede leef.

Vir baie van ons kinders gaan hierdie wintervakansie 'n lang, eensame en koue ervaring wees. Vir baie gaan daar nie elke dag kos wees om te eet nie. Kom óns maak 'n verskil!

Die NHSV hoofbestuur het met verskeie fondsinsamelingsprojekte geld ingesamel om mense wat in armoede leef, te help. Hulle het uit die fonds 'n bepaalde bedrag beskikbaar gestel om hierdie winter projekte wat op sorgafhanklike kinders gefokus is, finansiëel te ondersteun.

Oorweeg byvoorbeeld die volgende:

- 'n Verrassingspakkie met lekkergoed en koekies. (Dink aan al die lekkernye wat vir 'n sorgafhanklike kind soos hemel op aarde sal wees.)
- 'n Winter-Kersgeskenk – 'n trui, sweetpak, wolmussie of 'n lekker snoesige wolserp.
- 'n Slaaptydgeskenkie wat kan bestaan uit onder andere warm slaapkler, 'n kombers, bedsokkies en 'n blik warmsjokoladepoeier.





- 'n Liefdesgeskenkie. Dit is 'n geskenk wat nie met geld gekoop kan word nie. Nooi 'n groep van hierdie kinders uit om by jou aan huis te kom kuier. Laat hulle toe om vir daardie paar uur deel te word van die liefde en warmte van jou gesin.

Die vreugde van Kersfees in die winter lê nie in die prys van die geskenkie nie, maar wel in die gesindheid waarmee dit gegee word.

Indien u gemeente 'n projek vir sorgafhanklike kinders gedurende die komende vakansie het en u nog fondse benodig, kan u dr Wilhelm Coetzer van die Algemene Diakensvergadering (ADV) kontak by adv@nhk.co.za of by 012 322 8885 vir meer inligting.

Dr Wilhelm Coetzer, sekretaris van die Kommissie van die ADV

- **Gemeente Rooihuiskraal** bied 'n **Huweliksverrykingstoer** na die Krugerwildtuin aan van **Saterdag 8 tot Maandag 10 Augustus** (oor die langnaweek). Die tema is *Die vyf tale van die liefde* (na aanleiding van die Wildtuin se Groot Vyf). Die koste is R875 per persoon en sluit 2 nagte in 'n 2-bed rondawel by Pretoriuskop in, asook busvervoer, vier etes en kursusmateriaal. Toergangers moet sorg vir hul eie toegangsgeld, padkos, snoeperye en sakgeld. Bespreek by dr Gerhard Lindeque by 082 374 8703 of gclindeque@absamail.co.za.
- Die ring van Bronkhorstspruit reël 'n **Diakenstoerustingskursus** vir diakens, kerkrade, predikante en enige ander belangstellendes. Dit vind plaas op **Saterdag 1 Augustus** van 08:30 tot ongeveer 16:00 by Gemeente Delmas. Die aanbieder is ds Naas Lombard van Gemeente Suidoos-Witbank, en die koste is R150 per kursusganger vir kursusmateriaal en eetgoed. Laat weet asseblief voor 16 Julie as u die kursus wil bywoon. Kontak Marlene Greeff by mgreeff@nhk.co.za of 083 487 1339, 013 656 1621 (werk) of 013 692 7361 (huis).
- **Gemeente Erasmia** reël 'n **Bybelstap** vir **Saterdag 15 Augustus** by die Voortrekkermonument. Registrasie begin om 06:30, en die koste is R25 per persoon. Alle deelnemers gaan 'n medalje van die Bybelgenootskap ontvang. Skakel 082 962 2870 of 012 370 3513 vir meer inligting. Hulle benodig ook borge.
- **Gemeente Primrose-Oos** en ander gemeentes in Primrose samel geld in om aan die begin van die jaar Bybels vir graad 1-leerders uit te deel. Hulle noem dit die **Saadjieprojek**, want hulle probeer om geloofsaadjies te plant. Op **Saterdag 22 Augustus** om 18:30 vir 19:00 tree Zak van Niekerk op by Laerskool Oosterkruin, Bataviastraat, Gerdview. Kaartjies kos R100 vir volwassenes en R60 vir laerskoolkinders. Kontak Janita Swanepoel by 082 562 9628, Annelie Swanepoel by 082 870 7795 of Antoinette Jacobs by 071 672 6794. Die bankbesonderhede vir donasies is die volgende:
NHK Primrose-Oos
ABSA
Tak 334-542
Rekeningnommer 250 590 482
Bewysstrokies kan gefaks word na 011 806 1839.
- **Gemeente Springs-Oos** vier vanjaar sy **50ste bestaansjaar**. Verskeie feesmemorabilia word deur die jaar verkoop. Kontak Katrien Prinsloo by 011 815 1376 daaroor. Die feeskomitee is ook besig met die samestelling van 'n gedenkalbum wat tydens die fees beskikbaar sal wees. Kontak die skriba, oud Retha Laubscher, by 083 475 1962 of bestel per e-pos by rethalaubscher@telkomsa.net.



- Alle predikante is lede van die **Van der Hoff Teologiese Vereniging**. Die bestuur van 2009 wil vanjaar 'n besondere fondsinsameling loods en terselfdertyd 'n reünie hou om al die Van der Hoffers bymekaar te bring. 'n **Gholfkompetiese** word beplan vir **Dinsdag 22 September**, en die dag sal afgesluit word met die tradisionele Van der Hoff-dinee. Belangstellendes word genooi om 'n borgskap aan te bied. Kontak asseblief een van die volgende persone as u kan help:
 - o Marius Kramer (Praeses) 082 346 7258
 - o Elritia le Roux (Assessor) 083 503 4262
 - o Tiaan Loedolff (Fiscus) 073 529 1538
 - o Lise-Marie Swanepoel (Abactus) 083 943 4561

Basaars en ander pret

- **Gemeente Laeveld** bied 'n **jagkompetiese** ter waarde van R85 000 aan. Die eerste prys is 'n buffel, eland, rooihartbees, blouwildebees, koedoebul, blesbok, rooibokram en vlakvark wat geskiet kan word, en verblyf vir 12 persone vir 6 nagte! Die tweede prys is 'n blesbok en verblyf vir 6 persone vir 2 nagte. Die derde prys is 'n rooibokram en verblyf vir 6 persone vir 2 nagte. Kontak ds Gerhard Viviers of sy vrou Jorina by 078 666 5553 of 015 309 9580, of by gerhard@nhklaeveld.co.za. Die sluitingsdatum vir die kompetisie is **Sondag 5 Julie**.
- **Gemeente Roedtan** bied 'n **jagkompetiese** aan ter waarde van R30 000. Die 1ste prys is 4 blouwildebeeste, 2 koedoes, 2 blesbokke en 1 vlakvark. Die 2de prys is 'n naweekvoël jag vir 10 persone. Akkommodasie word verskaf vir 10 persone vir 3 dae. Die koste is R50 per kaartjie, die trekkingsdatum is **Sondag 19 Julie**, en die jagdatum is vanaf 23 Julie 2009. Kontak ds Thys Redelinghuys by 082 416 7724, 015 667 0045 of redinex@mweb.co.za.
- **Gemeente Noordelike Pretoria** en die Mootsorgsentrum bied op **Dinsdag 28 Julie** die **Noordes Gholfdag** aan by die Akasia-buiteklub. Die koste is R1 200 per 4-bal of R300 per persoon (in albei gevalle is die prysuitdeling en ete ingesluit). Fondse is ten bate van barmhartigheidswerk in gemeenskapsverband. Navrae kan gerig word aan Hendrik Pieterse by 082 447 3286 of Gerdi Wolfswinkel by 082 262 1224.
- Die **to care foundation** bied op **Donderdag 30 Julie** die **to care Winter Classic gholftoernooi** by die Akasia Buiteklub aan. Inskrywings beloop R250 per speler of R1 000 per span, en sluit 'n ete en prysuitdeling in. Putjies kan geborg word teen R1 500 per putjie. Alle gholfspelende ampsdraers en lidmate in die Pretoria-omgewing word uitgenooi om deel te neem. Skakel Linda by 012 322 8885 x205 vir meer inligting.
- **Gemeente Springs-Oos** se **feesbasaar** om met hul 50-jaar viering saam te val, vind plaas op **Vrydag 28 en Saterdag 29 Augustus** by die Driehoekterrein in Lodeyko, Springs. Op Woensdag 9 September bied hulle 'n formele 3-gangete met kunstenaar Gerhard Steyn aan in Springs se Burgersentrum. Kaartjies vir die geleentheid is beskikbaar teen R200 per persoon. Kontak mev Adele Roets by 011 362 2570 na ure of Katrien Prinsloo by 011 815 1376.
- **Gemeente Weltevreden** hou op **Dinsdag 13 Oktober** vanjaar sy 9de Jaarlikse Wilde Weste **Gholfuitdaging** by Eagle Canyon aan die Wes-Rand. Daar is meer as R20 000 se pryse te wen. Inskrywings kos R1 600 per vierbal en sluit twee gholffkarretjies, 'n geskenkpakkie, die prysuitdeling en 'n aandete in. Kontak Tinus de Wet by 082 774 7013 of Izane Cloete-Hamilton by 082 320 6168.



ANDER NUUS

- **Die Ondersteuningsraad Pretoria** is tans verantwoordelik vir die **Rainbow Kleutergroeiprojek in Danville**, waar behoeftige voorskoolse kinders op daaglikse basis versorg en opvoedkundig gestimuleer word. Hierdie kinders se ouers kan geen fooie bekostig nie, en ongelukkig het verskeie donateurs aan die projek onttrek. Die Ondersteuningsraad vra hulp ten opsigte van die volgende:
 - o Enige skoonmaakmiddels
 - o Toiletpapier
 - o Kartonne, waterverf, vetkryte, papier, ensovoorts
 - o Speelgoed (opvoedkundig en ander)
 - o Medikasie vir noodhulpkissie
 - o Herstel van die yskas
 Kontak Charmaine Fourie by 012 322 8885 of oraadpb@nhk.co.za.
- **Die Linmar-werkskeppingsprojek** van **Die Ondersteuningsraad in Krugersdorp** het 15 jaar gelede, op 2 Augustus 1994, amptelik ontstaan uit 'n behoefte om aan werklose dames 'n bron van inkomste te voorsien, sodat hulle en hul gesinne onafhanklik van maatskaplike hulp kon funksioneer. Die projek het steeds dieselfde doel, maar ontwikkel ook mensepotensiaal deur opleiding en opheffing, en voorsien aan die gemeenskap kwaliteit sweekpakkete teen bekostigbare pryse. Indien u 'n finansiële bydrae wil lewer of 'n pryslys wil bekom, kontak Hester Potgieter by 082 560 4237.

Projek Bartimeus – lig in 'n donker tonnel

Ons begin Projek Bartimeus elke jaar met die besef dat die getal behoeftige leerders by die Transoranje-skole aan die toeneem is en dat soveel meer gedoen moet word om hulle by te staan.

Die skole waarby ons betrokke is, het die volgende behoeftes:

- Hoërskool Martie du Plessis vir Serebraal Gestremdes het leerders wat afhanklik is van rolstoel en verwante hulpmiddele.
- Prinshofskool vir Gesiggestremdes se behoeftes wissel van braille-toebehoere vir blinde leerders tot vergrotingsapparaat vir swaksindes.
- Sonitusskool vir Gehoorgestremdes en Transoranje-skool vir Dowes maak gebruik van gehoorapparaat waarvan die batterye elke tien dae vervang moet word.
- Transvalia-skool vir Epileptici staan hul leerders by met leerstof en vraestelle op band.

Hierdie is maar enkele van die daaglikse uitdagings waarvoor daar fondse voorsien moet word. Daar is ook elke jaar 'n konstante toename in die getal leerders wie se ouers dit al hoe moeiliker vind om hul skoolfonds en koshuisgelde te betaal. Daarom maak ons al hoe meer staat op die fondse wat deur Projek Bartimeus ingesamel word. Dit is een van die ster-projekte van ons Kerk. Die jeug van ons Kerk het daarin geslaag om elke jaar meer fondse in te samel:

- 2006: R27 837,71
- 2007: R61 533,59
- 2008: R69 948,70



PROJEK BARTIMEUS



Die entoesiasme van die Hervormde Kerk se jeug is so aansteeklik dat hierdie projek in 2009 uitgebrei gaan word na die NG Kerk en die Gereformeerde Kerke.

Kom ons gee weer ons beste en probeer R70 000 insamel vir 2009. Met die borrelende lewensvreugde van die Kerk se jeug is alles moontlik.

Kontak my by andries@ptadrom.co.za of 082 490 5378 vir meer inligting.

Diak Andries Pretorius, Oos-Moot

- Triple M Productions bied op **Maandag 6 Julie** van 07:30 tot 09:00 'n ontbyt aan by die Performer-teater in Menlopark. Dit is 'n inisiatief van die Wêreldwye Dag van Gebed. Steve Johnstone, internasionale koördineerder van *Unashamedly Ethical*, is die hoofspreker. Hoe om onbeskaamd eties te leef as individu, as kerk en in jou besigheid word prakties bekendgestel. Dit is die ideale geleentheid om te netwerk met ander Christene, veral in die besigheidswêreld.

VAKATURE: Hoof van Bybelvertaling

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika wag aansoeke in vir die pos van Hoof: Bybelvertaling by hul hoofkantoor in Bellville. Diensaanvaarding moet op 1 Januarie 2010 wees. 'n Mededingende vergoedingspakket word aangebied.

Kritiese prestasie-areas: Strategiese beplanning van Bybelvertalingsprojekte in die amptelike tale van Suid-Afrika; opleiding, begeleiding en bestuur van vertaalspanne; kontroliering van vertalings; akademiese navorsing; departementele bestuur; en beantwoording van navrae.

Minimumvereistes: Moedertaalspreker (Afrikaans en Engels uitgesluit) van een van die ander amptelike landstale; Meestersgraad (verkieëlik Doktorsgraad) in Linguistiek of Bybeltale of Bybelkunde; kwalifikasie en goeie kennis van Hellenistiese Grieks en Bybelse Hebreeus; opleiding in linguistiek; kennis van vertaalteorie en -praktyk; vermoë om noukeurig te werk; goeie interpersoonlike vaardighede, veral die vermoë om in kruis-kulturele spanne te werk; goeie kommunikasie- en onderrigvaardighede; rekenaargeletterdheid; en toegewyde Christen met 'n passie vir die saak van die Bybel.

Aanbevelings: Goeie kennis van ander amptelike landstale; kwalifikasie in kruis-kulturele studies; praktiese ervaring van vertaling, kontroliering van vertaling, taalversorging en proeflees; kennis van die uitgewersbedryf; en bestuurs- en administratiewe ervaring.

Rig aansoeke met CV teen 7 Augustus 2009 aan:

Bestuurder: Menslike Hulpbronne
Bybelgenootskap van Suid-Afrika
Posbus 5500

Tygervallei 7536

Faks: 021 910 8799

E-pos: personnel@biblesociety.co.za

Gekeurde kandidate sal vir 'n persoonlike onderhoud genooi word.



AGTERBLAD

Nie alweer nie!

Besoekers aan Barton Keep, die historiese gebou waarin SENTIK gehuisves is, lewer altyd positief kommentaar oor die restourasie wat die afgelope paar jaar plaasgevind het. Glimmende blink houtvloere dra by tot die atmosfeer waarin 'n mens bykans verwag om een van die oorspronklike inwoners om 'n hoek te sien verdwyn.

Teen die einde van die vorige eeu was Jacob Maréstraat 'n deftige straat om in te woon. Hier het verskeie groot herehuise gestaan, onder andere Hollard House, Parkzicht, Melrosehuis, Langford House en Barton Keep. Slegs twee van die huise is vandag nog daar, naamlik Melrosehuis en Barton Keep.

Barton Keep was die woonhuis van Eddy Bourke. 'n Belangrike gebeurtenis waarvan die huis 'n stille getuie was, het tydens die Volkskongres op 24 Mei 1904 plaasgevind toe Bourke die Boereleiers, genls Botha, De la Rey en De Wet, uitgenooi het, asook lord Milner. Die erf waarop die huis staan, is in 1982 tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar. Met die Barton Keepfonds is geld ingesamel vir die restourasiekoste.

Vir die personeel van SENTIK is die restourasieproses nie juis romanties nie. Met elke vertrek wat gerestoureer word, moet meubels uitgeskuif en personeel elders gehuisves word – en die werk moet ononderbroke voortgaan. So pas is die boekwinkel, wat tot onlangs in die Dirk van der Hoffgebou gehuisves is en nou onder in Barton Keep is, geverf en die vloere is blink gemaak. Pragtige houtrakke is geïnstalleer, en mev Susann van Zyl sal binnekort haar nuwe gesellige ruimte betrek.

En toe, halfpad deur 'n werkdag, val die plafon van dr Wouter van Wyk, sekretaris vir Toerusting, Inligting en Kommunikasie, se kantoor in. Opnuut is dit geraas en stof en ongerief vir die personeel, maar die werk gaan voort.

Aan al die besoekers, ons innige spyt oor die ongerief; aan al ons lesers en gebruikers, 'n vriendelike versoek dat u geduld aan die dag lê as ons dalk nie vinnig genoeg op navrae reageer nie of as daar foute in ons drukwerk opduik. Dit sal weer beter gaan!



Ons droom is
dat alle mense
in Jesus Christus sal glo
as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Francis Coertse